## Deel 4 - 10 September 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

### EINDTYD-BOOM word opgerig vir Israel

***Esegiël 17:22*** *So sê My Meester JaHWeH: Dan sal Ek self van die verhewe top van die seder ['n steggie] neem en Haar insit - van die boonste van sy lootjies sal Ek 'n teer puntjie afpluk en Haar self plant* ***op 'n hoë en verhewe Berg.***

*23 Op die hoë berg van JisraEl sal Ek Haar plant, en Sy sal takke voortbring en vrugte dra en* ***'n groot seder word,*** *sodat al die voëls van allerhande vere onder Haar kan woon; in die skaduwee van Haar takke sal hulle woon.*

*24 En al die bome van die veld sal weet dat Ek - JaHWeH, die hoë Boom verneder,* ***en die nederige Boom verhoog;*** *die groen Boom laat verdroog en die droë Boom laat bot. Ek - JaHWeH, het dit gespreek en gedoen.*

### Die Geskiedenis tussen Juda en Benjamin

***<u>Benjamin:</u>***

***Gen 49:27 Benjamin is 'n wolf wat verskeur****; in die môre eet hy sy prooi, en in die aand deel hy buit uit.*

*28 Húlle almal is die twaalf Septers van JisraEl; en dit is wat hulle vader aan hulle gesê het, en hy het hulle geseën; hy het hulle geseën,* ***elkeen volgens sy besondere seën.***

***Deut 33:12*** *Van Benjamin het hy gesê: Die beminde van JaHWeH -* ***hy sal veilig by Hom woon****; Hy beskerm hom die hele dag en* ***woon in Sy vergadering****.*

***Gen 35:24 Die seuns van Ragel: Josef en Benjamin****.*

### Eerste verbond tussen Juda en Benjamin

***Gen 42:36*** *Daarop sê Jakob, hulle vader, vir hulle: Julle beroof my van kinders. JôWsef is weg! En Símeon is weg! En* ***Benjamin wil julle wegneem****! Alles is teen my!*

***Gen 43:8*** *Daarop sê JeHûWdah aan sy vader JisraEl: Stuur die seun saam met my; dan sal ons klaarmaak en wegtrek, sodat ons kan lewe en nie sterwe nie - ons en ook u en ons kinders nie.*

*9* ***Ek sal vir hom borg wees****; van my hand kan u hom eis. As ek hom nie na u bring en voor u stel nie, sal ek lewenslank teenoor u skuldig staan.*

### Die ete by Josef

**Gen. 43:33** En hulle het gaan sit volgens sy bepaling, die eersgeborene na sy eersgeboorte en die jongste na sy jonkheid. **Toe kyk die manne mekaar verbaas aan.**

34 Hierop het hy aan hulle porsies uitgedeel van die ete wat voor hom staan; maar **die porsie van Benjamin was vyf hande groter as die porsies van hulle almal**....

Gen 44:2 en my beker, **die silwerbeker**, moet jy bo in die jongste se sak sit saam met die silwer vir sy koring. En hy het gehandel volgens die woord wat JôWsef gespreek het.

Gen 44:32 Want u dienaar (**Judah**) het die seun deur borgskap van my vader verkry deurdat hy gesê het: As ek hom nie na u bring nie, sal ek lewenslank teenoor my vader skuldig staan.

33 Laat u dienaar dan nou tog in die plek van die seun my meester se slaaf bly, en laat die seun saam met sy broers optrek.

34 Want hoe kan ek na my vader optrek **as die seun nie by my is nie?** Mag ek maar net die ellende nie aansien wat my vader sal tref nie!

### Tweede en Derde Verbond

**1 Sam 20:12** Daarop sê JeHôWnathan (uit **Benjamin**) vir Dawid (uit **Juda**): JaHWeH, die Elohey van JisraEl, is getuie dat ek my vader môre of oormôre op hierdie tyd sal uitvra; en as dit gunstig is vir Dawid, sal ek dan nie na jou stuur en jou dit openbaar nie?

13 Mag JaHWeH so aan JeHôWnathan doen en so daaraan toedoen: as my vader goedvind om kwaad oor jou [te bring], dan sal ek jou dit openbaar en jou laat gaan, **dat jy veilig kan wegkom**; en mag JaHWeH met jou wees soos Hy met my vader gewees het.

14 En sal jy my nie, as ek dan nog lewe, die Medelye van JaHWeH betoon nie, sodat ek nie sterwe nie?

**15 Jy sal ook nimmer aan my huis jou medelye onttrek nie;** wanneer JaHWeH die vyande van Dawid, een vir een, vanaf die aangesig van die Adamah [adamiet se Aarde] af uitroei.

16 **So het JeHôWnathan dan ['n verbond] gesluit met die huis van Dawid**. En JaHWeH het haar geëis van die hand van Dawid se vyande.

17 En JeHôWnathan het Dawid weer laat sweer by sy liefde vir hom; want hy het hom liefgehad met die liefde van sy siel.

42 En JeHôWnathan sê vir Dawid: Gaan in Vrede, omdat ons twee by die Naam van JaHWeH gesweer en gesê het: JaHWeH sal tussen my en jou wees, **en tussen my saad en jou saad vir altyd**. Daarna het hy opgestaan en weggegaan, maar JeHôWnathan het die stad in geloop.

**1 Sam 23:17** en vir hom gesê: Vrees nie, want die hand van Saul, my vader, sal jou nie vind nie, **maar jy sal koning word oor JisraEl**, en **ek sal die tweede onder jou wees;** en my vader Saul weet dit ook goed.

18 **Toe sluit hulle twee 'n verbond** voor die Aangesig van JaHWeH; en **Dawid** het in Hores gebly, maar **JeHôWnathan** het na sy huis gegaan.

### Benjamin word ingelyf by Juda vir `n lig vir Juda

**1 Kon 11:36** en aan sy seun sal **Ek een stam gee (Benjamin), sodat My kneg Dawid altyd 'n lamp kan hê voor My Aangesig in Jerusalem, die Stad wat Ek vir My verkies het om My Naam daar te vestig**;

## Die derde Verbond tussen Juda (JaHshua) en Benjamin (Apostels)

Die apostels is almal uit Benjamin in Galilea

*"After the Captivity in Babylon the Jews of Judah and Levi went to Jerusalem BUT the Hebrew **Benjamites** went to Galilee to settle down. Christ chose His Disciples from the **Benjamite Galileans**. St. Paul was a Benjamite! Benjamites are of Benjamin, Ephraim and Manasseh blood from the Rock Rimmon incident. This is an important fact." (verhandeling CW Deans)*

**Lukas 22:29** En Ek beskik vir julle 'n Koninkryk soos My VADER haar vir My beskik het,
30 sodat julle kan eet en drink **aan My tafel in My Koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van JisraEl te oordeel.**

## Die vierde verbond tussen die Duitsers (Juda) en die Boere (Benjamin)

Vind plaas in 1914 **tydens die Rebellie** aan die Duitswes/Suid-Afrika grens

*Overeenkomst gemaakt en aangegaan door en tussen de Keizerlijke Governeur van Duits Zuid West Afrika, als vertegenwoordiger van zyn Ge-eerbiedigde Majesteit, de Keizer van Duitsland, (**Nazi-Duitsland Derde Ryk**) en Generaal S.G. Maritz (**Boerevolk**) die namens en ten behoeve van een aantal Officieren en manschappen handelt die bereid zyn de onafhanelikheid van Zuid-Afrika te verklaren, te weten:-*

*1. Genoemde Generaal S.G. Maritz heft de onafhankelikheid van Zuid-Afrika verklaart en de stryd tegen Engeland aangevangen.*

*2. De Regierung van D.Z.W. Afrika erkent alle Afrikaanse Strydmchten die tegen Engeland optreden als Oologsvoerende Machten aan en zal ze, na verdere bespreking in de stryd tegen Engeland ondersteunen.*

*3. Wordt dat tot nu Brits Zuid-Afrika gedeeltelik of als een geheel onafhankelik zal de Keizerlijke Goeverneur van D.Z. W. Afrika alle middelen aanwenden om die staat of Staten zo spoedig mogelik door het Duitse Ryk als zodanig erkend te krygen en ze te laten vallen onder de algemene vrede-sluiting.*

*4. In kosideratie voor zodanige verleende hulp zullen de nieuw gevormde staat of Staten geen bezwaar maken als het Duitse Ryk Walvis-Baai en de Eilande die tegenover D.Z.W. Afrika liggen in bezit nemen.*

*5. Het Dalweg van de Oranje Rivier zal in die toekomst de grenzen vormen tussen D.Z.W. Afrika en de Kaap Kolonie.*

*6. De Duitse Ryk zal geen bezwaar maken als genoemde Staten Delagoa Baai in bezit nemen.*

*7. Als de opstand op een mislukking uitloopt zullen de opstandelingen die sich op Duitse Gebiet begeve als Duitse Bundgenoten aangezien en als zulks behandeld woorden.*

*Aldus gedaan en getekend to Kaimoes*

*op de 17de Oktober 1914. Get. S.G. Maritz.*

*B. von Zastrow, Keizerl. Bezirksamtmann*

*als vertegenwoordiger van de Keizerlijke Goeverneur*

*van Duits Zuid West Afrika. **Uit GENERAAL J.C.G.KEMP EN DIE EPIESE WOESTYNTOG: M.C.E van Schoor***

## Oprigting van die BERG-KONINKRYK

**Jeremia 30:22** En julle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir julle 'n Elohim wees. 23 Kyk, 'n storm van JaHWeH, Grimmigheid het uitgegaan, **'n dwarrelstorm**! Op die hoof van die besoedeldes breek sy los. 24 Die brandende Woede van JaHWeH sal nie afgewend word nie, totdat Hy uitgevoer en tot stand gebring het die raadslae van Sy Hart; **aan die einde van die dae sal julle deur Haar verstaan.**

**Jeremia 31:4** Ek sal Jou weer bou, en Jy sal gebou word, o **Maagd van JisraEl**! Jy sal Jou weer versier met Jou tamboeryne en uittrek in die koordans van die spelers.

5 Jy sal weer **Wingerde plant** op die berge van Samaría; die planters sal plant en die vrugte geniet.

6 Want die dag is daar dat die oppassers op die berge van Efraim roep: Maak julle klaar en **laat ons optrek na Sion, na JaHWeH onse Elohey**.

8 Kyk, Ek bring hulle aan uit die **Aarde van die Noorde** en sal hulle bymekaar laat kom uit die **agterhoeke** van die Aarde; **blindes en lammes, swangeres en barendes** onder hulle, almal saam; in 'n groot vergadering sal hulle terugkom hiernatoe. [MattithJaHûW 22:9]

13 **Dan sal die Maagd Haar verheug** in die koordans, ja, die jongmanne en die oues tesame; en Ek sal hulle rou in Vreugde verander en hulle troos en hulle tot blydskap bring uit hulle kommer.

14 En Ek sal die siel van die priesters (**Melgisedek-priesters**) verkwik met vettigheid, en My volk sal versadig word met My seëninge, spreek JaHWeH.

15 So sê JaHWeH: 'n Stem word gehoor in Rama, geklaag, bitter geween; **Ragel ween oor Haar kinders;** Sy weier om getroos te word oor Haar kinders, omdat hulle daar nie is nie.

16 So sê JaHWeH: **Bedwing Jou stem van geween en Jou oë van trane; want daar is loon vir Jou arbeid**, spreek JaHWeH; en hulle sal uit die Aarde van die vyand terugkom.

17 Ja, daar is verwagting vir Jou nakomelingskap, spreek JaHWeH; **en die kinders sal terugkom na hulle grondgebied.**

22 Hoe lank sal Jy bly aarsel, o **afkerige Dogter**? Want JaHWeH het iets nuuts op die Aarde geskape: **Die Vrou sal die Krygsman omarm**. [Odes van Salomo 12]